Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# Die O.B.

Jrg. 9 | Kaapstad, 16 Augustus 1950 | Prys 3d. | No. 39

# Honderde O.B.-Lede Huldig Hans Van Rensburg

**Honderde lede van die Ossewabrandwag het verlede Maandag, 7 Augustus, bymekaargekom naby Parys op Mooi Eiland, die plaas van dr. Hans van Rensburg, om die twaalfde verjaardag van die O.B. te vier en om terselfdertyd hulde te bring en waardering te betuig aan die K.G. wat vir tien moeitevolle en gevaarvolle jare aan die hoof van die Beweging gestaan het.**

**Na aanleiding van sy tydelike uittrede weens gesondheidsredes het prof. Dirk van Rooy, die waarnemende K.G. aangekondig dat dr. Van Rensburg se gesondheidstoestand sodanig aan verbeter is dat daar goeie vooruitsigte is vir sy vroeë terugkeer en heraanvaarding van die pligte van kommandant-generaal.**

Vroeg Maandagmôre het die eerste motorkarre begin opdaag en toe die oggendson warm was, het die plaaswerf reeds soos 'n stedelike parkeerterrein gelyk.

### BROOD OP DIE WATER

Om elfuur het ds. S. J. Stander aangetree en met ontblote hoof onder die wapperende republikeinse vlag gaan staan om die dag se verrigtinge met skriflesing, gebed en gewyde sang te open. **Ds. Stander het gesê dat Hans van Rensburg, sonder voorbehoud, sy brood op die water gegooi het. In die toenemende liefde en vertroue van sy volk sal hy dit terugvind.**

### SOM GELD GESKENK

Die huldigingsrede is uitgespreek deur prof. Dirk van Rooy, die waarnemende K.G., en is, in die vorm van 'n adres, aan dr. en mev. Van Rensburg oorhandig, — tesame met 'n som geld wat deur lede van die Ossewabrandwag uit alle dele van die land geskenk is. **Prof. Van Rooy het gesê dat die geskenk 'n bewys is van die skenkers se persoonlike gehegtheid aan dr. Van Rensburg; 'n blyk van hul waardering is vir die onbaatsugtige dienste wat hy in die verlede aan sy volk gelewer het; en bowendien 'n bevestiging is van hul troue ondersteuning aan dr. Van Rensburg in die stryd wat voorlê.**

### DIE UITMUNTENDSTE

Dr. Van Rensburg het namens homself en mevrou Van Rensburg sy diepe dankbaarheid uitgespreek teenoor prof. Van Rooy en die lede van die Ossewabrandwag vir hul betuigings van vertroue en vir die geskenk. „Ek is baie trots om 'n geskenk te kan ontvang van die manne en vroue in die Ossewabrandwag", het hy gesê. „Ek het hulle leer ken en waardeer in die jare wat verby is as die uitmuntendste onder ons volk. Woorde kan my gevoelens nie uitdruk nie. Ek kan maar net onderneem om, na die beste van my vermoë, voort te gaan soos in die verlede." **Dr. Van Rensburg het gesê dat die Ossewabrandwag in die krisisjare van die tweede wêreldoorlog hoogtepunte bereik het. Daar kom weer krisisjare, het hy gesê, en die Ossewabrandwag sal weer hoogtepunte bereik.**

### DURF EN DAAD

Mnr. Louis Bootha, vroeër Gebiedsleier van Suid-Transvaal en tans generaal in Noord-Transvaal het in 'n kragtige toespraak die offisiere en brandwagte opgeroep om die stryd vir die verwesenliking van die O.B. se ideale onverpoosd voort te sit.

Kaptein Henri Slegtkamp — 'n hoofgeneraal in die Transvaal, het interessante mededelings gedoen oor die guerilla-stryd tydens die drie-jarige oorlog. Kaptein Slegtkamp is vandag al 'n grysaard; maar hy het gepraat met die stem van die baasverkenner van vyftig jaar gelede. Hy het die jong geslag van vandag aangespoor om met durf en daad te veg vir die ideale wat hulle met die mond bely.

In die namiddag het mnr. W. R. Laubscher, Voorligtingsoffi-

(vervolg op bladsy 6 kolom 5)

## DERDE UNIALE LAERTREK VAN O.B.

**Die derde Uniale laertrek van die Ossewabrandwag word op 8 en 9 November vanjaar gehou in die Bloemfonteinse stadsaal, volgens besluit van die uitvoerende raad van die Grootraad. Op 7 November sit die breë Grootraad, bestaande uit die lede van al die Gebiedsrade.**

**Die eerste Uniale laertrek is in Oktober 1941 gehou en die tweede in Februarie 1946, albei in Bloemfontein.**

# Tekens Dat Indië Van Weste Af Weg Dryf

**Britse staatslui roem daarop dat die Britse Statebond 'n onvergelyklike brug tussen Asië en Europa vorm deur die insluiting van Indië. Dat hierdie brug — wat vir Afrika meer as sy kwota Indiërs besorg het — nie meer so baie heg is nie, word al duideliker, en die vraag kom na vore of die bydrae wat Indië tot die stryd teen Asiatiese oorheersing vir die Weste kan lewer, enigsins sal opweeg teen die gevaar wat sy vyfde kolonnes vir blanke baasskap in die Weste vorm.**

Die Cape Times se korrespondent gee die volgende openhartige beskouing van uit Nu-Delhi omtrent die Indiese posisie:

Die Kommunistiese agressie in Korea het die bande van die Statebond weereens op die proef gestel. Indië se reaksie op sy eerste ernstige toets sedert sy verhoogde status het besorgdheid onder Statebondsverteenwoordigers alhier laat ontstaan. **Die krisis het republikeinse Indië nie nader aan ander Statebondslede getrek nie. Dit het diepgaande verskille aan die lig gebring.**

Die feit kan nie langer oor die hoof gesien word dat sterk anti-statebondskragte dwarsdeur Indië bedrywig is en besig is om veld te wen nie.

### SONDER INDIË

Die Hindoe-politikus, wat koning kraai oor sy nuwe nasionalisme en gehipnotiseer word deur slagkrete soos „Asië vir die Asiate", wantrou die begrip Statebond soos toegepas op sy Oosterse lede as 'n slim Britse set om die greep van „Westerse imperialiste" so lank as moontlik te verleng. **Soos sake tans staan, sal die Empire-span, wanneer hy weer moet optree, sonder Indië moet klaar kom.**

Inderdaad is daar 'n sterk binnelandse agitasie aan die gang om Indië tot uittrede uit die Statebond aan te moedig.

Luidrugtige anti-statebonds-propaganda weerklink uit alle rigtings vanaf Indië se politieke verhoog. Slegs 'n klein minderheid, merendeels gryswordende staatsamptenare wat betrekkings onder die Britse bewind beklee het, en 'n paar nyweraars verdedig nog die Britse konneksie. Maar hulle is 'n swygende groep, aangesien dit nie meer vandag in Indië goeie politiek is om pro-Brits te wees nie.

# Indiërs Stryk Neer Op Protektorate

**Indiërs koop op groot skaal handelsake in die Britse protektoraatgebiede op. Sowel in Betsjoeanaland as Basoetoland is hierdie bedrywigheid aan die gang en daar word soveel as dubbel die markwaarde vir die sake aangebied.**

**Onder die Britse vlag het die Indiërs hulle reeds so stewig aan die ooskus van Afrika gevestig dat daar mense is wat glo dat die blanke en naturel Oos-Afrika klaar verloor het. Onder die Britse vlag word hierdie kolonisasie deur Indië tans verder na die binneland voortgesit onderwyl die Unie-regering nog planne beraam oor die inlywing van die protektorate.**

# Die Stryd Duur Voort!

**Dit was hierdie week 75 jaargelede (14 Augustus 1875) dat die eerste Afrikaanse organisasie gestig is met die uitdruklike doel om die Afrikaner se geestelike besit tot sy reg te laat kom. Die Genootskap van Regte Afrikaners was 'n verguisde beweging en sy stigters moes aanvanklik 'n groot deel van hul grondleggende arbeid in die geheim doen vanweë die teenkanting van hul volksgenote wat die vreemde taal en kultuur aanvaar het as hul eie. Dat hulle uitgemaak is vir skeurmakers en al die benaminge wat 'n minderheid wat vir sy oortuiging staan, gewoonlik omgehang word, het hierdie mense nie van hul pad laat afwyk nie.**

**Vyftig jaar na hul aanvoorwerk is Afrikaans van staatsweë erken as die amptelike taal en dertien jaar later kon die verskyning van die Bybel in Afrikaans die invoering daarvan as kerklike taal beseël.**

**Vandag klink dit byna ongelooflik dat die ideale wat hierdie stigters bepleit het, 'n driekwart eeu gelede deur 'n groot deel van die volk weerstaan kon word as synde 'n afwykende rigting. Vandag onthou die nageslag nie meer die name van die teenkanters nie. In dankbare hulde ken hulle net die name van die verguisde minderheid wat aan hulle hul eie geopenbaar en geskenk het.**

**Die taak van hierdie kultuurstryders is egter nog nie volstry nie. Soos 'n vreemde — hoewel verwante — taal 75 jaar gelede ons volk verydel en in sy groei gestrem het, so word ons volk vandag nog deur 'n vreemde staatstelsel — maar glad nie verwant nie — verydel en gestrem. En diegene wat die stryd vir die invoering van die volkseie op hierdie gebied vandag voer, sit die stryd voort van daardie handjievol manne aan wie ons hierdie week hulde gebring het.**

**En die stryd moet voortgaan, want elke nasie het wel 'n taal en 'n land, soos die Genootskappers gesing het, maar elke nasie het ook 'n staat, en die eie staatstelsel is nie net deel van 'n volk se kultuur nie, maar 'n belangrike voorwaarde vir die voortbestaan daarvan.**

**Daarom sal die Ossewabrandwag wat hierdie maand die Augustus-beweging van 1938 herdenk, nuwe moed en krag put uit die hulde wat 'n dankbare nageslag bring vir die bekroonde stryd van 'n Augustus-beweging van 75 jaar gelede.**

**Blaas hoog die vlam!**

*Belê veilig en voordelig*

**4½%**

*op onbepaalde termynaandele*

**4%**

*subskripsie - aandele*

*Betaalbaar uit beskikbare winste*

Vaste deposito's tot 3¾%

Spaarrekeninge - - 2½%

op daaglikse saldos

Kom spreek ons by ons naaste kantoor of skryf om ons gratis brosjure wat u alle inligting sal verstrek.

**SAAMBOU**

(*PERMANENTE*)

**BOUVERENIGING**

Hoofkantoor: SANLAM-GEBOU WAALSTR., KAAPSTAD.

Ook te: Bellville, Bloemfontein en Pretoria.

BATE OORSKRY £1.800.000

DIE O.B., WOENSDAG, 16 AUGUSTUS 1950

# PASOP VIR INDIË!

Aangeblaas deur Russiese propaganda en agente en gedeeltelik as gevolg van die afgelope oorlog het daar dwarsdeur Asië 'n ontwaking plaasgevind wat veral gekenmerk word deur vyandigheid teen die Westerling. Die patroon van 'n toekomstige oorlog of oorloë is besig om hom te ontvou as 'n botsing tussen Oos en Wes en dit is noodsaaklik dat die Weste hierdie patroon in gedagte hou wanneer hy sy strategie oorweeg.

Daar was, veral onder liberalistiese ingewing, in Amerika in die verlede 'n neiging om nie met hierdie feit rekening te hou nie. Die V.V.O.-organisasies is dikwels saamgestel met 'n buitengewone begunstiging vir die Oosterlinge, en daar is nou al weer sprake dat Amerika te vinde sou wees vir die toekenning van 'n plek aan Indië in die Veiligheidsraad. Terselfdertyd strook dit nog steeds met die Britse beleid om binne sy Empire 'n „brug tussen Oos en Wes" te handhaaf.

Nou is dit nogal heeltemal oulik om in die stryd teen 'n vyand gebruik te maak van afvallige elemente. Dit is grootliks hoe Brittanje sy Empire opgebou het, **maar wanneer jou vyand self 'n meester in hierdie kuns is, is hierdie set nie meer so maklik en ook nie so veilig nie. En nou is dit 'n feit dat die Kommuniste, wat vandag die leiers van Asië uitmaak, ondergrawing en opstoking tot 'n besondere fyn kuns ontwikkel het terwyl die Weste nog nie eens die voorneme tot selfverdediging behoorlik ontwikkel het nie. Wie die winner in hierdie soort taktiek sal wees, skyn dus 'n uitgemaakte saak te wees.**

## SJINESE VOORBEELD

'n Enkele voorbeeld sal die gevaar miskien onderstreep. 'n Aantal jare gelede is Sjina, wat in 'n staat van chaos was weens inwendige stryd, deur Westerse politici verhef tot een van die „Vyf Grotes." **Dat hierdie erkenning van 'n wankelende staat as 'n leidende wêreldmoondheid aangedryf was eerder deur oorwegings van hoon teenoor die verslaande Japan as deur staatsmanskap — wat toentertyd in elk geval voortvlugtig was voor die vlamme van oorlogshaat — skyn 'n redelike gevolgtrekking te wees. Vandag is dieselfde Sjina 'n handlanger van Stalin en is sy posisie binne die Veiligheidsraad 'n bron van groot verleentheid vir die Westerse moondhede. Maar dit is nie al nie; soos onlangs in DIE O.B. berig, het die Sjinese nedersettings veral in die Amerikaanse halfrond nou plotseling die gevaarlikste vyfde kolonners van Moskou geword.**

Met hierdie voorbeeld voor oë behoort die posisie van Indië in die Westerse gemeenskap in oorweging geneem te word. Elders in ons blad verskyn 'n berig van 'n Engelse koerant waarin die mening uitgespreek word dat „die Empire-span" volgende keer sonder Indië sal moet klaarkom. Die kreet „Asië vir die Asiate" het so 'n aantrekkingskrag vir hierdie Statebondslid dat dit selfs die bedreiging van Kommunisme verduister. Pandit Nehru en Mao Tsetoeng word selfs as goeie vriende beskryf ondanks die feit dat laasgenoemde tweede op die Kommunistiese ranglys van leiers staan.

## GEVAAR VIR AFRIKA

**Die vraag behoort hom dus aan Brittanje en die res van die Westerse wêreld op te dring of dit raadsaam is om Indië 'n lewensbelangrike plek in die Westerse strategie toe te ken.** Herhaalde uitlatings van Indiese leiers het beklemtoon dat Indië in 'n stryd tussen Oos en Wes onsydig gaan bly en die Veiligheidsraad se besluit in verband met hulpverlening in Korea is met langtand deur Indië onderskryf.

**Die huidige leiers van Indië neem nog 'n anti-kommunistiese standpunt in, maar hul anti-westerse houding, soos veral ten opsigte van Suid-Afrika en Brittanje geopenbaar, is minstens net so sterk, en Pandit Nehru het in verband met die Koreaanse vraagstuk getoon dat sy Asiatiese bande met Rooi Sjina sterker is as sy politieke verskille. Die wêreld mag eerlang bevind dat die geskiedenis van Sjina hom ten opsigte van Indië kan herhaal, en die rol wat Sjinese nedersettings vandag vir Moskou in Amerika speel, kan dan veral in Afrika op groter skaal nageboots word. En van hierdie gevaar het Suid-Afrika reeds 'n voorsmaak waar Moskouse kwekelinge al klaar die leiers van die Indiese gemeenskap in ons land is, en desondanks die oor van „anti-kommunistiese" Pandit Nehru ten volle het.**

# AFRIKA NOG ASPOESTER VAN UNIE-POLITICI

**Ons was totsover meer geïnteresseerd in watter party 'n skoolraadsverkiesing wen as in enige beskawingsroeping wat ons in Afrika mag hê, en omdat ons nie belangstel nie is nie net ons openbare mening nie, maar 'n groot deel van ons politieke voormanne ongelooflik oningelig oor die aard, die omvang en die tempo van huidige ontwikkelings in Afrika, skryf Dagbreek in 'n artikel oor die ontwikkeling van Afrika waarin ook gewag gemaak word van 'n reisplan deur die hoofredakteur om op hoogte te kom van wat in ons noordelike buurstate aangaan. Die blad skryf onder meer:**

**In ons openbare lewe word Afrika so goed as nooit genoem nie; in ons skole word 'n paar aardrykskundige feite gedoseer wat 6,000 jaar gelede ook van toepassing sou gewees het; dit is moontlik om aan enige van ons universiteite 'n graad te behaal sonder om die name of die hoofstede te ken van gebiede benoorde ons, byna so groot as die Unie; in ons koerante geniet Oeganda dieselfde toevallige ruimte as Paraquay, en die gemiddelde Suid-Afrikaner weet waarskynlik eweveel, of meer, van wat aangaan in Brasilië as in die Belgiese Kongo of selfs in Noord-Rhodesië.**

In die omstandighede is dit enigsins ironies om 'n ingeligte kommentator soos Negley Farson te sien skryf van „Kaapstad se ambisie om politiek in Afrika tot aan die sonlyn te beheer."

Die feit daarenteen is dat die Unie-parlement nog nooit 'n halfdag se debat bestee het aan Afrika, en aan die Unie se belang by wat in Afrika gebeur nie.

Ons kan nie sê hoeveel lede van die Kabinet byvoorbeeld adv. Charles te Water se verslag ná sy onlangse reis deur Afrika bestudeer het nie, maar geen regeringslid het ooit in die openbaar weer daarna verwys nie. Vir die volksraad en vir die publiek buite het die resultate van hierdie waardevolle onderneming van ons Eerste Minister sover 'n geslote boek gebly.

### STEL NIE BELANG

**Daar is wel aanduidings van 'n kentering.** Naas samewerking in verband met bestryding van veesiektes en sprinkane, is die eerste stappe nou ook gedoen in die rigting van oorleg tussen alle gebiede in Afrika in verband met water- en grondbewaring, en die voorlopige internasionale Vervoer-organisasie vir Suidelike Afrika kan tot iets werklik groots ontwikkel.

**Maar oor die algemeen kan 'n mens sonder vrees vir teenspraak beweer dat, verre van sulke „ambisies" te hê, ons sonde sover eerder was dat ons meer geïnteresseerd is in watter party 'n skoolraadsverkiesing wen as in enige beskawingsroeping wat ons mag hê. En omdat ons nie belangstel nie, is nie net ons openbare mening nie, maar 'n groot deel van ons politieke voormanne ongelooflik oningelig oor die aard, die omvang en die tempo van huidige ontwikkelings in Afrika.**

„Donker Afrika" is aan die verbygaan, nee, het verbygegaan byna sonder dat ons in die Unie daarvan kennis geneem het.

**Ongelukkig hang die mate waarin dit ons gaan raak, nie af van die mate van onverskilligheid waarmee ons dit bejeën nie.**

### IN VYF JAAR

Sonder om bevindings vooruit te loop, mag 'n paar feite miskien aangestip word.

In die vyf jaar sedert die einde van die Tweede Wêreldoorlog is die hele prentjie in Afrika verander. Plekke wat voor die oorlog nog maande uitmekaar geleë was, is nou deur 'n uitgebreide en geskeduleerde netwerk lugdienste binne ure van mekaar gebring. Vir die res word verbinding geskep deur middel van motorweë wat reeds duisende myle tel, en waaraan daagliks toegevoeg word. Iedere besoeker uit die Unie aan Suid- en Noord-Rhodesië rek die oë oor wat hy daar sien, vergeleke by soos hy hom dit voorgestel het.

By Mombasa word op die oomblik een van die modernste hawens in Afrika gebou. Vyftig myl daarvandaan, by McKinnonweg, is die grootste opeenhoping van oorlogstuig in die hele Statebond, en met die £3,000,000,000 wat Engeland nou besluit het om in die volgende drie jaar aan herbewapening en militêre leiding te bestee, kan 'n mens aflei watter ontwikkelings dit in Kenia sal afgee.

### MILJOENE BESTEE

Hierdie gebied, d.w.s. Kenia, bestee reeds meer per kop van sy blanke bevolking aan grondverspoeling, landbouonderrig en veeartsenydienste as enige ander land ter wêreld, insluitende die Verenigde State. In Oeganda, voorheen ongeërepte naturellegebied amper so groot as Transvaal, word nou deur groot kapitaalbelange reuse-bedrae belê in tee-plantasies en ander landbou- en nywerheidsontwikkeling.

In Tanganjika spandeer die Britse regering nog miljoene (die raming is nou £50 miljoen) aan sy reusagtige grondboontjie-lande. En of dit in sy oorspronklike doel gaan misluk of nie, ander ontwikkelings sal wel daaruit voortvloei. Die „Colo-

(vervolg op bladsy 3 kolom 3)

# Eensaam En Verbitter

'n Spesiale korrespondent van die Cape Argus wat 'n oorsig gee van die toestande in Oos-Afrika kom met die volgende verdoemende getuienis teen Brittanje:

**„Die paar naturelle-politieke leiers hier (Tanganjika) — wat hul opleiding in Engeland ontvang het — skyn eensaam, ongelukkig en verbitterde manne te wees wat enige gesag te lyf gaan. Die volksmassa is gevange deur 'n gees van diepe en woordlose agterdog ten opsigte van ons bedoelings en glo bloedweinig van wat ons sê."**

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

Britse liberaliste het in Suid-Afrika oneindig veel kwaad gestig tussen wit en swart sedert die begin van die vorige eeu. Die Afrikaner se beleid van rasseskeiding is deur hierdie beterweters in die buite- sowel as in die binneland voorgehou as hooghartige onderdrukking. Die gebiede onder Britse gesag in die noordelike dele van Afrika het die geleentheid aan Brittanje se liberaliste gebied om aan die wêreld te toon hoe die naturel gelukkig gemaak kan word. **Die resultaat ná al die moeite word deur die Argus se verslaggewer kort en bondig aangekondig: 'n volksmassa vol agterdog teen die witman en gelei deur „eensame en verbitterde manne".**

**Treffendste van alles is dat hierdie verbitterde manne hul opleiding nie by die aparte instelling Fort Hare ontvang het nie, maar in die liberale Brittanje waar geen kleurskeidslyn geduld word nie.** Hulle het volle toegang gehad tot die lieflikhede wat die Britse samelewing en wetenskap bied. Hulle het teruggekeer na hul land om die lig te gaan bring aan hul volksgenote, maar hulle was rokende fakkels vol bitterheid en vyandigheid teenoor enige gesag.

**Die liberalistiese proefneming het misluk en dit sal oral misluk waar die naturel in mededinging met die witman te staan kom, want selfs die liberalis is nie bereid om in die praktyk daardie regte en voorregte aan die naturel te laat toekom wat hy in teorie bepleit nie — veral nie as dit sy sak in gevaar stel nie. En hoe meer die naturel bewus gemaak word van 'n gelykheid wat nêrens in die praktyk bestaan nie, hoe „eensamer, ongelukkiger en verbitterder" sal hy word.**

# O.B.-Standpunt Ten Opsigte Van Afrika

**Op 28 Junie het die Grootraad se uitvoerende raad die Ossewabrandwag se beleid ten opsigte van Afrika as volg geformuleer:**

## ● LEIERSKAP IN AFRIKA:—

**DIE HOOFTAAK WAT DIE AFRIKANERVOLK MOET VERRIG, IS ONGETWYFELD OM AS LEIER IN AFRIKA OP TE TREE.**

Die Afrikaanse Vasteland staan op die drempel van 'n bloeitydperk van grootskaalse ontwikkeling. Afrika het nuwe strategiese betekenis gekry, want sy ooskus het die grens geword tussen die Weste en die Ooste. Afrika het tewens nuwe ekonomiese betekenis gekry, want aangesien Europa sy „spens" aan Rusland verloor het, is hy nou aangewese op Afrika vir voedselvoorrade. **Dit alles gaan verreikende gevolge hê. Daarom is dit lewensbelangrik vir Suid-Afrika om voortaan 'n toonaangewende rol in Afrika te speel. Suid-Afrika kan dus nie in die Britse Statebond afgesonderd bly staan nie, maar hy moet hom vryelik kan beweeg in die kring van Westerse volke, in vriendskap met almal maar in besonder met die belanghebbende moondhede in Afrika. Suid-Afrika se natuurlike bondgenote is immers sy buurstate in Afrika.**

Suid-Afrika moet sy vryheid neem en dit gebruik om die blanke beskawing in Suid-Afrika te vestig deur die blanke beskawing op die vasteland van Afrika te help vestig. **Suid-Afrika moet van die geleentheid gebruik maak om die vasteland van Afrika eens en vir altyd in blanke en nie-blanke gebiede verdeel te kry.**

**Suid-Afrika se buitelandse beleid moet derhalwe afstuur op republiekwording en op die verkryging van die internasionale aanvaarding van die beginsel van totale vertikale apartheid in Afrika tussen wit en swart — sonder inkorting van die ontwikkelingsmoontlikhede van enigeen.**

# Vir Ons Land Is O.B. Se Stryd 'n Saak Van Lewe

## Franschhoek Hou O.B.-Dag

**Die Franschhoekse Kommando het op 8 Augustus die ontstaan van die Ossewabrandwag herdenk deur 'n saamtrek ten huise van mnr. Koos Hugo, die plaaslike kommandant. Die opbrengs was iets oor die £30. As spreker het opgetree adv. J. de Vos. Hy is deur die hoofgeneraal, mnr. Max Smuts, aan die end van die verrigtings bedank.**

Adv. De Vos het daarop gewys dat die Ossewabrandwag nie 'n vanselfsprekende en amptelike aandeel aan die openbare lewe van die Unie het nie. Die regeringspartye het hul rol en daarvoor word hulle leiers uit die staatskas vergoed nie alleen vir die hoë betrekkings in die openbare lewe wat hulle as regerende party moet vul nie maar ook vir die gewone lede van die parlementêre koukus wat salaris, gratis treinvervoer en ander geriewe ampshalwe ontvang.

Ook die Leier van die Opposisie en sy volgelinge het spesiale besoldiging en speel 'n aangewese rol in die landsadministrasie.

Die O.B. staan egter daarbuite. Hierdie posisie van die Beweging skep probleme, want hy moet as't ware tussenin die aanvaarde en beskermde staatsmasjinerie sy eie bestaan uitveg. **Hy is egter gebore juis omdat daar deur die hele volk die leemte in bestaande staatsmasjinerie aangevoel is en om in daardie leemte te voorsien.**

### IDEE

Nou is dit merkwaardig dat talle mense wat die O.B. in sy georganiseerde vorm om verskeie redes moes verlaat steeds nog die O.B.-gedagte aankleef. **Die O.B. het geword die draer van onwrikbare oortuigings aangaande die leemtes in ons bestaande partystelsel en die behoefte aan hervorming. Hierdie oortuigings is gegrond op wetenskaplike kennis en is nie slegs die produk van gevoel nie. Die voortbestaan van hierdie geloof aan 'n saak is onafhanklik van getalle en voer 'n onsterflike, soewereine bestaan.**

Die wete dat hierdie vaste grondslag vir die O.B.-idees bestaan is **beide die las en die bate van die Beweging. Dis 'n bate wat sekerheid skep, dog 'n las wat vyandskap by die pleitbesorgers van die bestaande stelsel wek. Dis die enigste verklaring vir die volgehoue en verbitterde diskriminasie vanstyde die H.N.P. teen die O.B. gerig.**

### DISKRIMINASIE

Wat die verhoudings met die H.N.P. betref is 'n nuwe posisie deur die A.P.-kongres geskep waar mnr. Havenga hom openlik uitgelaat het oor sy reaksie as 'n herhaling van die onsmaaklike diskriminasie binne die A.P. deur die H.N.P. sou plaasvind. Hy het te kenne gegee dat dit nie weer geduld sou word nie. Dis eintlik 'n vanselfsprekende feit dat dit onvergeeflik is om in 'n ander man se huis die wet neer te lê, soos die H.N.P., gedrewe deur hulle vreeskompleks, dit gedoen het.

**Die probleem wat nou geskep is vir die regering is 'n netelige.** Die H.N.P. is bewus daarvan dat hulle die stemme van alle goedgesindes nodig het en daarby veral ook die samewerking van mnr. Havenga. As hulle wys is, sal hulle besef dat hulle optrede immers geen verskil aan die eerlike en oorwoë oortuigings van die O.B.-gesindes kan maak nie. **Hulle kan dit egter vir O.B.-gesindes moontlik maak om vir regeringskandidate te stem en dis tog die soort steun wat hulle by uitnemendheid nodig het. Dis egter die probleem van die H.N.P., want hulle moet die ou model staatsmasjien aan die gang en hulleself aan die bewind hou.**

### NIE MOONTLIK NIE

**As die H.N.P. hulle deur mnr. Havenga sal laat lei, sou dit tog moontlik wees om in die party-arena 'n mate van politieke voordeel vir die Afrikanersaak te behaal. Fundamentele oplossing van probleme sal egter nie langs dié weg volg nie.** Dit kan slegs bereik word deur temming van die party-trusts in hul diktatoriale posisies wat nasionale oplossings onmoontlik maak.

**Die presidensiële stelsel wat die O.B. voorstaan, sal die weg tot nasionale oplossings van nasionale probleme open. Dié stelsel is indertyd deur die Afrikanereenheidskomitee aanvaar. Soos sake egter nou staan is dit slegs binne die O.B. waar die geloof aan die stelsel uitgespreek en propageer kan word. Elders word dit nie geduld nie. Vir ons vaderland is die stryd van die O.B. dus die stryd om die lewe.**

# Rooi Vangnette In Britse Skole

**Die Britse regering, wie se leier eenmaal die Kommunistiese saluut in Spanje gegee het toe genl. Franco in 'n dodelike stryd met die Spaanse Kommuniste verkeer het, sit vandag met gevoude hande en toekyk hoe die Kommuniste sy jeug weglei in diens van „premier" Stalin wie se demokratiese omhelsing sedert die oorlog 'n bietjie pynlik begin word het vir sy voormalige bondgenote.**

Nie alleen word Russiese propagandiste soos Ehrenburg toegelaat om massa-vergaderings in Londen te hou en die bevolking teen die Westerse oorlogsbeleid op te sweep nie, maar die binnelandse Kommuniste het vrye toegang tot die openbare skole waar hulle onder idealistiesklinkende slagspreuke Britse kinders geestelik gevange neem. So het 'n Engelse moeder onlangs uit radeloosheid haar toevlug geneem na 'n prokureur in 'n poging om te verhoed dat haar minderjarige dogters deur die Kommuniste verlei word. Haar sestien- en agtienjarige dogters het saam met Kommuniste van 'n verhoog af toesprake gehou in belang van „vrede".

**„Dit is hoog tyd dat daar 'n teenpropaganda-veldtog geloods word teen hierdie verskriklike Kommunistiese bedreiging wat die gees van nie net my twee dogters nie, maar ook van baie ander kinders in hierdie distrik verower", het die moeder gesê. Albei die dogters is in 'n hoërskool en is lid van die Kommunistiese jeug-organisasie.**

**Toe aan Attlee 'n tyd gelede gevra is of hy dit sal oorweeg om die skole van Kommunistiese onderwysers te suiwer, was sy antwoord 'n saaklike „nee, meneer".**

(vervolg van bladsy 2 kolom 5)

nial Development Fund" sal waarskynlik die grootste deel van die £120 miljoen wat die Britse Parlement bewillig het, in die volgende tien jaar in Oos-Afrika belê. Laastelik is groot bedrae uit Amerika vir ontwikkeling van hierdie gebiede nie uitgesluit nie.

### NUWE AFRIKA

Ekonomies dus word die lig met ongelooflike snelheid oor „Donker Afrika" aangesteek. Maar dieselfde lig het ook 'n nuwe Afrika laat sien — 'n Afrika van ontsaglike probleme.

Noudat die witman tussenbei getree en die natuur begin verhinder het om op sy eie wrede manier die ewewig te herstel, vermeerder die naturellebevolkings verbasend snel, en sommige waarnemers begin reeds twyfel of Afrika uiteindelik sy eie bevolking behoorlik sal kan voed, om nie te praat van „die graanskuur vir Europa word" nie — wat minstens gedeeltelik die oogmerk is met huidige ontwikkelings.

**Die Indiërs bring 'n tweede komplikasie. In sommige gebiede van Afrika skyn dit asof, so vinnig as die Europeaan ekonomiese moontlikhede open, die toenemende Indiërbevolking instap om dit te benuttig. In Oos-Afrika het dit reeds naby 'n worsteling om ekonomiese heerskappy gekom tussen die blankes en die Indiër.**

# Buitestaanders Al Aan Roer Oor Verenigde Afrika

**Die gedagte van 'n Verenigde State van Afrika begin ook in wyer kringe pos te vat, en 'n voorstel vir so 'n ontwikkeling is reeds ingedien vir behandeling deur die Raad van Europa. Die voorsteller is Ronald MacKay, Arbeiderlid van die Britse afvaardiging, en is dus verteenwoordigend van die liberalistiese elmente sover dit kleur en ras betref.**

In sy voorstel word gevra dat 'n kommissie van ses lede aangestel moet word wat in samewerking met ses naturelle wat deur demokratiese bewegings aangewys word, moet ingaan op die kwessie van nasionale selfbeskikking, en 'n konstituerende vergadering moet belê vir die opstelling van 'n grondwet. Na 'n jaar moet 'n Al-Afrikaanse kongres byeen geroep word om 'n federasie te bespreek tussen die verskillende gebiede in Afrika.

Die Raad van Europa word versoek om by alle belanghebbende moondhede in Afrika aan te dring op aanvaarding van die V.V.O. se verklaring van menseregte. Alle wette en gebruike wat skeiding op grond van ras of kleur teweeg bring, moet verwyder word.

### HAAS NODIG

**Hierdie belangstelling vir 'n verenigde Afrika deur buitestaanders onderstreep maar net die noodsaaklikheid vir die inwoners van Afrika om self die voortou te neem en hul sake in te rig ooreenkomstig hul eie opvattings. Met 'n grootse plan waarin daar voorsiening gemaak word vir afsonderlike naturellestate bestaan daar geen rede waarom dit nie met welslae deurgevoer kan word sonder inmenging deur buitestanders wat niks van Afrika se vraagstukke begryp nie. Dit is die plig van die Suid-Afrikaanse regering om hierdie saak aan te voor, maar dan buite die partypolitiek om.**

---

**Die bevolking** van die Verenigde State het sedert 1940 met 19 miljoen aangewas en staan tans op 150 miljoen, volgens die voorlopige uitslae van die onlangse sensus.

---

**Ongelukke op die Suid-Afrikaanse paaie** het in die afgelope tien jaar die lewens van 1,400 kinders geëis, terwyl 22,000 beseer is, het mnr. Glyn Morris, organiserende sekretaris van die Johannesburgse Padveiligheidsvereniging, op 'n vergadering gesê.


*SY LEWE WAS OP DIE SPEL . . .*

**'n Operasie was dringend nodig!**



Dit het alles so skielik gebeur—Johan Theunissen het nie eers geweet dat hy siek is nie—ernstig siek—totdat hy in die hospitaal bykom en Nellie en die kinders, bleek en beangs, om die bed sien staan. Sy lewe was in gevaar en daar was net één hoop—'n noodoperasie deur 'n spesialis.

'n Duur operasie! Maar gelukkig sou daar uitkoms wees, want op Johan se Sanlam-polis sou hulle 'n lening—*sonder rente*—kon aangaan, om die onkoste van die operasie en hospitaal te help dek . . . .

**● Hoe sou *U* in so 'n noodgeval vaar? Sou U 'n bron hê waar u gehelp kan raak? Vir u eie ontwil en die van u gesin, vra VANDAG hoedat Sanlam u in tyd van nood kan help.**

●

**Suid-Afrikaanse Nasionale Lewensassuransie-Mpy. Bpk.**

*Hoofkantoor:*

Waalstraat 28, Kaapstad.
Takke en Agentskappe Oral.

**Daar is altyd uitkoms by Sanlam!**

SANLAM

**Sanlam, Afdeling 17b, Posbus 660, Kaapstad.**

*Laat my asb. dadelik weet hoe ek rentevrye lenings vir noodoperasies kan aangaan.*

NAAM: ..............................

ADRES: ..............................

..............................

*Beroep:................ Ouderdom volgende Verjaarsdag......* C2






diens

DAMES-, MANS- en KINDER-UITRUSTERS SNYERS

**UNIEWINKELS**

**Beperk**

**KERKSTRAAT 275 — PRETORIA**

**TAKKE: Johannesburg, Benoni, Vereeniging, Kaapstad.**

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks):** 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### ALGEMEEN

**Die Kleinbergkwekery, Posbus 16, Breërivier:** het nog oor en beskikbaar vir 1950 planttyd: Appelkoosbome 3,000 en Beluda 500, op pruim en perskewortel 500 Inkoos, 500 Tuscan Cling en 500 Princess Marina perskebome op perskewortel. Almal sterk en gesond teen £5/10/- per 100. Kontant met bestelling. 5% af. Geregistreerd. 16/8/3B

### TE KOOP

**Donkerrooi Melk-Korthoring bul.** 3 jaar oud. Prys £25 of terme vir hoë graad Afrikanerbul selfde ouderdom. Rede vjr verkoop, wil na Afrikaner oorslaan, enigste gebrek aan bul is 'n oog wat hy verloor het. **A. C. Joyce, P.K. Bethal, Tvl.** 16/8/1B.

**Bergheim.—Vakansie-oord..** Posbus Kroondal, Rustenburg. Tel. 1023, Rustenburg. Goeie smaaklike etes, elektriese lig, binneveermatrasse, water in kamers, perdry, beste swembad, tennis en ander sport. Mooiste plek van omgewing. Terme redelik. **K. J. H. Behrens.** 2/8/5

### BEESTE

**Te koop. Jersey koeie en verse:** Skakel 6811, Wellington. **Telegrafeer Du Toit, Malanstasie.** 19/7/13B

### SPEELSKEIE

**Bottelskeie** 4/-; kopskeie 4/6; Agtkantige 5/-; Dubbelkop 5/6; per paar. Goeie houtsoorte. **Koos Botha, P.S. Serpentine, Dist. George.** 26/7/8

### GRYSHARE

**GRYSHARE,** skilfers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur **GRYSHAARWONDER** die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar en kopvel voedingsmiddel te gebruik, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel, geld met bestelling.—**Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. D/1/9/49

**Antigrys herstel gryshare en baard** tot natuurlike kleur. Geen kleurstof. Verwyder skilfers, laat hare groei, ens. Gewaarborg of geld terug. 5/6 Per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** E14/6/50

### MEDISYNE

**GESONDHEID** is u regmatige erfenis, oortuig u self deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel, skryf, inligting gratis, **Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. B/1/9/49

**Duisende is reeds van hulle kwale bevry.** Talle vind daagliks baat. Waarom sal u langer ly. Skryf dadelik, raadpleeg **Die Boerevrou,** Bus 7559, Johannesburg. (Nr. 3) 1/9/49

### MARK AGENTE

**Kamerade Aandag!** As julle miskien 'n ander agent ondersteun het voordat ek begin het, kan julle mos darem so af en toe julle besendings deel, of hoe? Merk julle besendings **Bellingan, U.T.H.,** die Spoorweë verkies dit so. Plaas julle bestellings vir vrugtebome vroegtydig by **Sunrise Nurseries, Posbus 4 Nuweplaas.** 19/4/TK

### MEUBELS

**MEUBELS.—** Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. **—VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11



**GOEDKOOP VEILIGHEID!**

Vir so weinig as *'n paar sjielings* per £100 kan u u HUIS en MEUBELS beskerm teen Brandskade en -verlies deur

**'n SANTAM-Brandpolis!**

**SANTAM**

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.

Takke en Agentskappe Oral

2808-1a

## Was U Ook By Die Ossewaens?

- **Het u ook gevoel hoe dit smaak wanneer Afrikaners saam verkeer as VOLKSGENOTE in plaas van PARTY-GENOTE?**
- **Het u ook gesien tot watter hoogtes ons volk in staat is wanneer hy die verlammende en verstikkende partypolitiek opsy skuif?**
- **Het u ook die bloed in u are voel bruis by die besef dat u besig is met iets wat aan u vaders behoort het?**
- **Wil u graag hierdie toestand laat terugkeer en dit vir die toekoms bestendig?**
- **Dan moet u ywer vir die herstel van die Afrikaner se EIE STAATSTELSEL op die grondslae deur ons vaders gelê.**
- **Daarmee kan u help deur nog 'n leser van DIE O.B. te wen.**
- **As elke leser nog een nuwe hierdie week bybring, is u krag aanstaande week verdubbel!**

### *Intekenvorm*

*Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B." tot ek u in kennis stel om toesending te staak.*

*Hierby ingesluit vind u die bedrag van*..........................

..........................*vir die eerste*..........................*maande.*

*NAAM*..........................

(Naam en Adres in Blokletters)

*POSADRES*..........................

..........................

..........................

..........................

*Handtekening.*

**Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.**

**Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.**

## *Boekbespreking*

Genl. Hendrik Schoeman — was hy 'n verraaier? Deur Johan Schoeman. Uitgewer: J. Schoeman, Posbus 1, Broederstroom. Prys 8/- Posvry.

Die skrywer het in die eerste plek te doen met die nagedagtenis en eer van sy vader. Hy skroom dan ook nie om sy vader, wat in sy latere lewe ongewild geraak het by baie van sy volksgenote, heftig te verdedig — eintlik te heftig.

Die boek word uitgegee met 22 portrette, 'n negetal waarvan meer van familiebelang is as historiese belang is. Nieteenstaande die gerusstelling van die skrywer is mens tog verbaas om agter in die boek „Memo oor hulp aan Duitsland en Reverie oor Nuremberg" te vind.

Hoofstukke XI tot XVIII handel oor die Anglo-Boereoorlog en meer in besonder oor die eerste inval in die Kaapkolonie wat nie veel verder as Colesberg gekom het nie. Breedvoerig word verduidelik waarom dit die geval was.

Hoofstukke III tot X gee ons 'n kykie in die Transvaal van 1881 tot 1899. Daar word vertel van die Delgingsfonds kommissie, die staatsfinansies, die Naturellelokasiekommissie, die naturellemoeilikhede aan die suidwestelike grens, konsessies, prospekteerregte, prosedeerdery, 'n skema om 'n stelsel ligte tremweë te bou wat „de geheele Transvaal in gemakkelyke aanraking met die Hoofstad (sal) brengen", koelkamers en die aanlê van elektrisiteit.

Dit is veral interessant om op te merk watter rol die Tweede Volksraad gespeel het met hierdie myn- en nywerheidswetgewing. Die ou Boere was ons darem in hierdie opsig ver vooruit!

Dit is jammer dat die skrywer nie die versoeking kon weerstaan om hier en daar behoorlik sy sê te sê nie. Die feit egter dat deurgaans net oorspronklike bronne geraadpleeg is, verskaf aan hierdie boek sy waarde en ons sien uit na die skrywer se volgende boek nl. dié oor genl. Stefanus Schoeman.

**A. J. VAN ROOY.**

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, **PAROW,** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435

### VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BEPERK

**Direkteure:**
P. W. J. van Heerden.
P. G. van Heerden.
Potgieterstraat 258,
h/v Pretoriusstraat,
PRETORIA.

Teëls (Vloer en Muur), Kombuisopwasbakke (Terrazo en Vleklose staal), Vuurherde, Septiese eenhede vir gesondheid, Pilare, Wasvate, Bouers- en Loodgietersbenodigdhede, Staalrame, Verf, ens. 3/5/T.K.

# Unie-Bevolking Tel Al 11½ Milj: ⅕ Daarvan Wit

**Die bevolking van die Unie het met die sensus van 1946 presies 11,418,349 persone getel. Tydens die eerste Uniale sensus in 1904 was die aantal inwoners 5,175,824. Hierdie syfers blyk uit die eerste boekdeel van die bevolkingsensus van 7 Mei 1946, wat handel oor die verspreiding van die bevolking van die Unie.**

**Van dié inwonertal was 2,372,690 blankes, 285,260 Asiate, 928,484 kleurlinge en 7,831,915 naturelle.**

In Transvaal was die toename van die blanke bevolking baie groter as in die ander provinsies. Die oudste Transvaalse syfer, dié van 1 April 1890, gee 'n totale blanke bevolking van 119,128 aan. Met die volkstelling van 1904 was dit reeds 297,277 en nou staan dit volgens die telling van 1946 op 1,063,121. Die bevolking van die Vrystaat het minder as in die ander provinsies toegeneem. Terwyl die totale blanke bevolking in 1904 op 142,679 gestaan het, was dit in 1946 202,077.

### ASIATE

**Die statistiek wys ook die geweldige toename in die aantal Asiate in die Unie. In 1891 was die totaal 42,842, en hulle was beperk tot Natal en 'n klein aantal in die Kaap. Tans is daar 285,260 Asiate in die Unie en in Transvaal alleen het hulle in 35 jaar van nagenoeg 11,000 tot 37,700 vermeerder.**

Slegs in die Vrystaat waar geen nuwe Asiate hulle mag vestig nie, gaan hul syfer agteruit en is daar tans slegs nog elf van hulle oor.

Ook wat die vermeerdering van Kleurlinge betref, maak die Vrystaat 'n uitsondering. Waar hulle in die ander provinsies sedert 1904 meer as verdubbel het, het hulle in die Vrystaat van 19,282 in 1904 gedaal tot 14,053 in 1946.

### NATURELLE

Die naturellebevolking het sedert 1904 van 3,491,119 tot 7,831,915 gestyg. Vir hierdie groot toename was veral Transvaal verantwoordelik; waar in 1904 937,127 naturelle getel is, het daar in 1946 3,122,173 naturelle in Transvaal gewoon.

Die aantal mans teenoor vrouens het in die Unie geleidelik gedaal. Wat blankes betref, was daar in 1904 131.9 mans vir elke 100 vrouens. Daar is tans slegs 101.4 mans vir elke 100 vrouens in die Unie.

In vergelykende tabelle gee die Direkteur van Sensus en Statistiek verder in dio verslag 'n oorsig oor die toename van bevolking van 1936 tot 1946. Die blanke bevolking het volgens hierdie syfer met 18.4 persent toegeneem. Die persentasie van die toename van Asiate word as 29.9 aangegee, maar hierdie syfer is geen aanduiding van die indringing van Asiate in sekere provinsies nie.

In werklikheid het die Asiate in die tien jaar in die Kaap en Transvaal met oor die 40 persent toegeneem.

**'n Verrassende element in die vergelykende statistiek is die feit dat die toename in die naturellebevolking volgens persentasieberekening feitlik nie verskil van dié van die blankes nie, nl. 18.7 persent. Dit is waarskynlik toe te skryf aan die vinnige verstedeliking van die naturel en die daarmee gepaardgaande agteruitgang in die geboortesyfer.**

### PLATTELAND

Die verstedeliking van die bevolking kom ook in die verslag tot uiting. Die plattelandse blanke bevolking het orals behalwe in Transvaal in dio jare 1936/46 agteruitgegaan en die toename in Transvaal was baie gering, nl. van 254,690 na 262,113. Die totale agteruitgang vir die tien jaar in die Unie was amper 50,000 en die aantal plattelandse blanke bewoners tel nou 653,352.

Die stedelike blanke bevolking het in dieselfde tydperk van 1,307,386 tot 1,719,338 gestyg. Die neiging was die sterkste in Transvaal, nl. van 566,066 in 1936 tot 801,008 in 1946.

Dieselfde kenmerk word ook by die verhuising van die naturel na die stede gevind. Die grootste deel van die halfmiljoen naturelle wat na die stede getrek het, word in Transvaal gevind. Die stedelike naturellebevolking het hier van 690,505 in 1936 tot 1,006,082 in 1946 gestyg. Dit is moontlik dat die vinnige ontwikkeling van nywerhede na 1946 die snelheid van die stroom na die stede nog verhoog het.

## Asiate Neem Vinnig Toe In Afrika

**Daar is 'n groot vermeerdering in die Asiatiese bevolking in Oos-Afrika, volgens gegewens in die Blou Boek vir 1949-50 wat deur die Colonial Office uitgegee is. Die Asiatiese bevolking van Niasaland word geskat op 4,500 in vergelyking met 2,800 in 1945.**

**In Noord-Rhodesië het die getalle van Asiate meer as vyftig persent vanaf 1946 gestyg. In 1937 was die Asiatiese bevolking van Kenia, Tanganjika en Oeganda 44,000, 25,000 en 14,000 onderskeidelik. In 1948 het hierdie getalle aangewas tot 98,000, 46,000 en 35,000 onderskeidelik. Die Blou Boek meen dat die styging in getalle toe te skryf is aan redelik hoë natuurlike aanwas en meer immigrante as emigrante.**

## KERK IN DIENS VAN REVOLUSIE

**Die godsdiens word met soveel wins deur die Kommuniste agter die Ystergordyn uitgebuit, dat die Kominform, na berig word, besluit het om die Russiese Ortodokse Kerk as die Kommunistiese kerk oral in te voer. Groot kerklike feestelikhede is die afgelope weke in dele van Tsjeggo-Slowakye gehou in teenwoordigheid van hoë ampsbekleders van die staat, onder meer die eerste minister en ander kabinetslede.**

Kerk-leiers van oral uit Oos-Europa was teenwoordig en afvallige Rooms-Katolieke het trou gesweer aan die kerk „en die Groot Sowjet-Rusland", terwyl hulle verset beloof het teen die Vatikaan.

Hierdie nuwe beleid van die Kommuniste om die kerk te gebruik as werktuig vir die bevordering van hul wêreldrevolusie, is grootliks geïnspireer deur pres. Roosevelt tydens die oorlog. Volgens die voormalige Amerikaanse gesant in Moskou, William Bullitt, het Roosevelt Stalin versoek om sy anti-kerklike en godlose beleid 'n bietjie te verdoesel deur met 'n „versagtende gebaar op godsdienstige gebied" tevoorskyn te kom, sodat dit vir hom (Roosevelt) makliker gemaak kan word om die steun van die Amerikaanse volk vir die Sowjet te verwerf. Stalin het die advies so vrugbaar gevind dat hy nou nog steeds voortgaan om die kerk te gebruik vir die bevordering van sy godlose beleid.

DIE
# Boere Jeug
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 16 AUGUSTUS 1950

*Vir ons Offisiere Verduidelik ons . . . .*

ONS BELEIDSPUNT NO. I

# VOLKSPOLITIEK IN PLAAS VAN PARTYPOLITIEK

Eers 'n paar vrae en antwoorde:

**WAAROM IS DIE O.B. TEEN DIE PARTYSTELSEL?**

Omdat die O.B. na volkseenheid streef en omdat die partystelsel in sy hele wese en met voorbedagte rade die volk **moet** verdeel in minstens twee of meer groepe, wat mekaar uit die aard van die saak **moet** beveg. Om te wen moet elke groep die volksgenote so ver moontlik van die ander groep probeer afrokkel. Meestal geskied dit deur middel van verdagmakery en slegmakery van die ander groep se leiers en motiewe. Die eie „goedheid" word probeer regverdig deur op die „slegheid" van die ander groep te wys. Om die volk beter te kan verdeel en die verdagmakery meer oortuigend te kan versprei, stig elke groep ook koerante, ens.

Die O.B. noem die partystelsel georganiseerde vyandskap in die boesem van die volk.

**IS DIE PARTYSTELSEL 'N INHEEMSE TRADISIE VAN ONS VOLK?**

Partypolitici sê dikwels dat die poging om die partystelsel af te skaf 'n na-aping van oorsese stelsels is. Eintlik is hulle die na-apers, want die partystelsel is nie 'n ding wat in hierdie land sy wortels het nie. Dis veelmeer 'n voëlent wat van oorsee hierheen oorgewaai het. Dit is uit Engeland ingevoer.

Waar die Afrikanerdom, wat die inheemse tradisie van hierdie land verteenwoordig, homself kon wees, naamlik in die Republieke benoorde die Oranje en Vaal, was daar geen partystelsel nie. In Transvaal het die Volksraad selfs so ver gegaan as om die stigting van party of „eleksiekomitees" te belet.

Eers na die Unie in 1910 gestig is, het die meeste Afrikaners vir die eerste keer in hulle lewe lede van 'n party geword, die ou Suid-Afrikaanse Party. En kort daarna, in 1912, het die broedertwis uit daardie stelsel gespruit en altyd erger geword totdat dit vandag selfs kerkgemeentes uitmekaar geskeur het en families verdeel het.

**HOE HET DIE VOLK IN DIE OU REPUBLIEKE DAN SY WIL TE KENNE GEGEE?**

Deur van tyd tot tyd vir hom verteenwoordigers en ook 'n staatshoof te kies. Ja, die een kandidaat het teen die ander kandidaat gestaan; so bv. Generaal Piet Joubert teen President Kruger by die presidentsverkiesings. En Paul Kruger het telkens die meerderheid gekry. **Maar toe het Generaal Joubert nie die „leier van die opposisie" geword** om nou alles te opponeer en te beswadder wat Kruger se regering doen nie; nee, Joubert het telkens geword een van die belangrikste lede van sy „opponent" se regering, naamlik hoofoffisier van die verdediging.

Onder ons huidige stelsel van partye, word jy dadelik die Opposisie as jy nie wen nie. Dan is dit jou plig om teen die ander man te baklei, of jy nou (volgens jou eie beterwete) met hom saamstem of mag verskil — jy is nie lid van dieselfde party as hy nie, dit is al wat tel. Môre as jy weer Regering en hy die Opposisie is, doen jy presies dieselfde as wat hy gedoen het toe hy Regering was, maar dan, o ja, dan is dit REG.


In die Boere-Republieke egter, as die volk dan dink dat hierdie man die beste is en daardie man die tweede-beste, nou goed, dan sê die volk dit . . . en daarna werk die beste en die tweede-beste saam in een span. **Dit is NIE partypolitiek nie. Dit is gesonde verstand. En dit is dan ook die Boeretradisie.**

Die O.B. voel dat die verdeeldheid wat deur die partystelsel tussen Afrikaner en Afrikaner, tussen broer en suster, vader en seun, gekom het, soos **'n alles verterende kanker** in ons volkslewe geword het, dat dit tyd geword het om „Halt" te roep. Ons is siek en sat daarvan om goeie en eerbare Afrikaners net as „Sap" en „Nat" te sien. Ons ken hulle — beide daardie Sap en daardie Nat — as goeie en waardige volksgenote, bloed van ons bloed en vlees van ons vlees. En ons soek nou om die skeidingsmuur tussen hulle te laat instort.

In hierdie opsig is die Ossewabrandwag die dinamiet aan die fondamente van die partystelsel . . . . VAN ALLE PARTYE.

Daarom sê die O.B.: „Weg met hierdie ingevoerde stelsel van georganiseerde broedertwis en vyandskap; vervang dit deur 'n ander en meer verstandiger sowel as minder vyandige vorm van verteenwoordiging, naamlik dié van Beroepsverteenwoordiging. (By 'n volgende keer gaan ons voort met die bespreking van Beroepsverteenwoordiging.

# ONS KIEKIE-ALBUM



Ons Boeredogters wat die Boerejeuglaertrek by die Voortrekkermonument, Pretoria, bygewoon het. Desember 1949.

## KLEINGOED, KOM ONS SPEEL

Die vakansie is verby en ons afdeling is vurig aan die werk. Vir volgende Saterdag se byeenkoms, gee ons vir die kleingoed twee nuwe speletjies. Nie net 'n speletjie nie, maar dit leer 'n mens om goed op te let, reg te dink, vinnig te wees en goed te mik.

**Warm Patat, in die Buitelug:** Verdeel die spelers in twee gelyke groepe. Die een groep draai hul rûe op die ander en tel hardop tot by twee honderd terwyl die ander groep iets wegsteek, bv. 'n offisiersfluitjie of tennisbal. As hulle klaar getel het, probeer die eerste groep om hulle te vang, want elke keer wanneer iemand gevang word, moet hy een of ander wenk gee i.v.m. die bêreplek, bv. „dis bokant die grond" of „dis naby water". Wanneer hulle dan genoeg wenke het, gaan hulle na die artikel soek en as dit gevind word, kry hulle weer kans om dit weg te steek.

Onthou dat dieselfde wenk nie meer as eenmaal gegee mag word nie, en dit mag ook nie onwaar wees of so vaag dat mens niks daaruit kan wys word nie. Maar moet nou ook nie vir die ander duidelik vertel waar dit is nie — dis nogal 'n kuns om net genoeg te sê. Die soekers moet dan ook hul koppe gebruik en al die wenke bymekaar sit sodat hulle feitlik sommer op die regte plek kan afloop. As julle wil, kan julle aanneem dat 'n persoon net geraak hoef te word i.p.v. gevang.

**Kolskoot:** Knip 'n ronde stuk karton, sowat 6 duim in deursnee, uit, maak 'n gaatjie bo-in en hang dit aan 'n toutjie op in 'n boom sodat dit 4 tot 5 voet van die grond af is.

Die spelers staan nou almal in 'n ry 'n paar tree weg, en die voorste een probeer om in die loop van die ses kanse wat hy het, die karton soveel keer as moontlik raak te gooi. Die een of meer spelers wat die minste kolskote het nadat elkeen 'n kans gehad het, moet uitval, en dan begin die spel weer van vooraf. Elke keer staan die spelers wat oorbly nog 'n entjie terug, totdat net die wenner oorbly.

Hierdie speletjie gee ons oefening daarin om raak te gooi. Dis 'n baie goeie plan om altyd iemand aan die anderkant van die kartonnetjie te laat staan sodat hy telkens die bal kan teruggooi.

Lekker speel!

## VERJAARDAG-KETTING

**AUGUSTUS**

9 Catharina le Roux, Bultfontein, O.V.S.
Sarel Vorster, Vryburg.
Eugene Breytenbach, Kirkwood.
O. Douglas, Oudtshoorn.

10 Dirkie Welthagen, Mooinooi.
Annatjie Stander, Oudtshoorn.

11 Emul Marx, Pietersburg.
Sarie Theron, Koffiefontein.
Johanna Retief, Wellington.

12 Bettie Botha, Stellenbosch.

13 Hester Smit, Matooster.
Martha Robbertse, Rustenburg.
Herman du Toit, Aliwal Noord.

14 Valerie van Deventer, Frankfort.
Annie Eyssen, Robertson.
Fredrika Slippers, Kakamas.
N. van Rensburg, Oudtshoorn.

15 Kiefiel Riekert, Saulspoort, Tvl.
Heinrich Rothman, Fauresmith.
Hendrik Mynhardt, Vryburg.

16 Betsie Taljaard, Goodwood.
Johannes Bothma, Oudtshoorn.
Magrieta Beszuidenhout, Oudtshoorn.

17 Naomi Rose, Oudtshoorn.

18 Ora Muller, Bultfontein.

19 Corrie du Toit, Matooster.
A. J. Wageningen, Oudtshoorn.
Joey Rademeyer, Oudtshoorn.

20 Gloudina Kotze, Johannesburg (Jeppe).
Mariana Potgieter, Kakamas.
Hugo van Zyl, Paarl.

21 Gerhardus Grobler, Zeerust.
Maria van Wyk, Elliot.

22 Johanna Marx, Pietersburg.
Ernst Nieuwenhout, Vryburg.
Willem Nel, Kakamas.
Kobie Stander, Oudtshoorn.

## Ons Kiekie-Album

Onlangs het ons van een van ons lede 'n versoek ontvang om tog aan hom 'n aantal kiekies te stuur van tipiese Boerejeugbyeenkomste wat in die verlede gehou is, aangesien hy graag vir hom 'n kiekie-album wil aanlê. Dit is natuurlik onmoontlik, want waar gaan 'n mens nou so 'n ekstra stel kiekies in die hande kry.

Ons is seker daar is baie van julle wat ook graag so 'n album wil aanlê, waarin julle later met trots kan kyk. Om dus vir julle en Ignatius Smit, wat daarvoor gevra het, te help, sal ons in die toekoms in „Die Boerejeug" afdrukke van sulke kiekies plaas. Dit is nou wel nie die ware Jakob nie, maar tog beter as niks, nê. Meeste daarvan het julle seker reeds in ons blad gesien, maar nooit daaraan gedink om dit uit te knip nie. Doen dit gerus hierdie keer en plak dit netjies in julle album. By elke kiekie sal ons die nodige besonderhede byskryf.

Van heelwat Boerejeug het ons al versoeke ontvang om vir hulle kiekies van die laer by die Voortrekkermonument te stuur. Daarom begin ons hierdie week met een van daardie reeks.

As julle goeie kiekies het wat julle dink ons kan gebruik, stuur dit gerus aan.

## Verskoning

**Omdat 'n deel van ons leesstof deur die poskantoor 'n paar dae lank vertraag is, moes Die Boerejeug verlede week oorstaan. Die redaksie bied verskoning daarvoor aan.**

**Leen u ook DIE BOEREJEUG aan u vriende om te lees?**

**O.B. JAARGANGE**

**JAARGANGE 1947-48 — JAARGANGE 1948-49.**

**Nou verkrygbaar teen £1 5s. elk. Posgeld ingesluit.**

***VOORRAAD BEPERK***

**BESTEL DUS DADELIK BY:**

**VOORSLAG (EDMS.) BPK.**

**Groote Kerk-gebou 703 — Kaapstad**

# CHURCHILL ROEP DUITSE HULP IN

**Die Vergadering van die Raad van Europa het verlede week ten gunste van die skepping van 'n Europese leër besluit. Winston Churchill wat die voorstel ingedien het, het in sy pleidooi gesê:**

**„Daar bestaan geen twyfel nie dat ons almal in baie groot gevaar verkeer. Die vryheid en beskawing van die Westerse wêreld is onder die skaduwee van Russiese Kommunistiese aggressie, gesteun deur geweldige hoeveelhede wapentuig. Die Russiese magte in Europa, gemeet volgens die getal aktiewe divisies, oortref dié van die Westerse Bond met minstens ses of sewe teen een. Ek versoek hierdie vergadering om ons Duitse vriende daarvan te verseker dat as hulle hul aan ons kant skaar, ons hul veiligheid en vryheid so heilig soos ons eie sal beskou."**

Churchill se toespraak is 'n uiting van baie groot vrees, en in die ore van sy Duitse toehoorders moes sy beroep op Duitse hulp teen die gevaar waarin „ons almal" verkeer, baie ironies geklink het. Vyf jaar gelede het Churchill 'n wêreldoorlog afgesluit wat bedoel was om Pole se „veiligheid en vryheid" teen Duitsland te beskerm.

**Verre daarvan dat Pole se vryheid herstel is, moet Churchill nou die hulp van Duitsland inroep omdat „ons almal in baie groot gevaar verkeer."**

**Met hierdie voorstel het Churchill tegelykertyd die bankrotskap van die oorlogsbeleid teen Duitsland veral sedert 1941 en die korrektheid van die standpunt van die Ossewabrandwag in daardie tyd erken.**

## DUITSERS WIL HULSELF VERDEDIG

**„Die Duitse volk is bereid om sy bydrae te lewer tot die verdediging van Europa, en ons verwag nie dat ander ons moet verdedig nie tensy ons ons eie bydrae kan lewer onder voorwaardes van gelykheid en regverdigheid," het die Duitse afgevaardigde na die Raad van Europa, Eugen Gerstenmaier, verlede week gesê.**

Ook ander sprekers het hulle ten gunste van die herbewapening van Duitsland uitgelaat met die oog op die gevaarlike wêreldtoestand. Die Britse Konserwatiewe afgevaardigde, Robert Boothby, het in dié verband gesê: **„Indien Duitsland buite bly, glo ek nie dat Europa verdedig kan word nie."**

---

**'n Pynappel-nywerheid** wat sedert die oorlog in Oos-Kaapland tussen Uitenhage en Oos-Londen vinnig uitgebrei het, sal binnekort na verwag word, £1,000,000 per jaar oplewer. Daar word tans aansoek gedoen vir die instelling van 'n beheerstelsel onder die Bemarkingswet.

# Sal S.A. Ook Weerlose Duitsers Gaan Help Beskerm?

**Terwyl Suid-Afrika met sy blanke bevolking van twee miljoen opgevorder word om militêre hulp in Korea te gaan lewer, soos af te lei is uit die regering se optrede om in stryd met sy vorige besluit nou, nà „raadpleging met Amerika", 'n eskadrilje vegvliegtuie met volledige personeel na die Ooste te stuur, volg die Westerse politici nog steeds 'n beleid van ontwapening in Duitsland — die land wat in presies dieselfde toestand verkeer as Korea en waar elke oomblik 'n Kommunistiese inval verwag kan word.**

Selfs in hierdie late uur van agterstand-bewapening teen die Sowjet se miljoene-leër is die Westerse politici nog nie bereid om hul inhibisies ten opsigte van 'n „Duitse gevaar" af te werp en realisties op te tree teen die enigste gevaar wat hulle tesame met Duitsland gloeiwarm bedreig nie.

Dit is die afgelope paar jaar al bekend dat die Russe 'n Duitse leër op die been gebring het — nie net onder leiding van Duitse generaals in Rusland nie, maar selfs onder die oë van die Weste in die vorm van 'n sogenaamde polisie-mag. Hierdie mag word opgelei in die gebruik van swaar wapens.

Nou is daar ook besluit om in die Weste 'n „polisiemag" op die been te bring, maar verlede week is na rype beraad aangekondig dat hierdie Duitse polisie nie met swaarder wapens as gewere toegerus sal word nie en dat daar ook nie meer as 10,000 van hulle sal wees nie.

**Daar kan dus aangeneem word dat wanneer Duitsland in die toekoms deur die Kommuniste binnegeval word, Suid-Afrikaners opgeroep sal word om die 50 miljoen ongewapende Duitsers onder Westerse bewaking te gaan help beskerm.**

**As Suid-Afrika opgekommandeer word om met die lewens van sy seuns te gaan betaal vir die dwaashede van Westerse politici, kan die volk minstens verwag dat die regering sy invloed moet gebruik om sy bondgenote van hul dwaasheid af te raai.**

# Mevr. Van Zyl Open Basaar Op Stellenbosch

**Die Ossewabrandwag-kommando op Stellenbosch het verlede Saterdagoggend, 12 Augustus 'n baie suksesvolle en gesellige basaar gehou in die Banketsaal van die stadshuis. Die basaar is om 10 vm. geopen deur mev. (dr.) F. D. du T. van Zyl wat spesiaal van Kaapstad oorgekom het vir die geleentheid.**

Mev. Van Zyl het gesê dat die Vrou, wat na 'n jarelange stryd vandag gelyke regte met die Man geniet, altyd in gedagte moet hou dat die regte vergesel gaan van pligte. Hierdie waarheid het ongetwyfeld deurgedring tot die vroue van die O.B. In die O.B. het die vroue geleer om blymoedig te werk vir die ideale wat hulle vir hulle volk koester. **Ek wil die vroue van Stellenbosch gelukwens met die werkywer wat hulle aan die dag lê en vir hul volgehoue idealisme, het mev. Van Zyl verklaar.**

**PANNEKOEK EN MELKTERT**

Nadat sy die basaar oop verklaar het, het die kopers om die tafels saamgedrom; ander het om die kafee-tafeltjies aangesit om tee en pannekoek en melktert te eet.

Mev. A. C. Wium (kommandante) en mej. L. J. Louw (adjudante) tesame met die veldkornettes verdien lof vir hul pogings en gelukwense met die welslae daarvan.

Aan die hoof van die besige kafee het mev. H. G. du Plessis (veldkornette) gestaan; sy is bygestaan deur mev. A. de Bruin (veldkornette) en deur hul brandwagte. Mev. H. P. du Toit (veldkornette) was hoof van die lekkergoedtafel. Sy is bygestaan deur mev. M. Wiid (veldkornette) en hul brandwagte. Mevv. S. E. Mohr en C. M. Bosman (kwartiermeesteres en veldkornette) was die hoofde van die handwerktafel. Mev. B. van Ryswyk (veldkornette) bygestaan deur mej. M. van Ryswyk (veldkornette) en hul brandwagte het die poedingen roomystafel behartig. Die koektafel was behartig deur mevv. L. van der Merwe en G. van Velden (veldkornettes) en hul brandwagte. Mev. C. Brink (veldkornette) het die blommeverkoping waargeneem terwyl mnr. Boy Wium (veldkornet) die groente van die hand gesit het.

**OPBRENGS**

Die verkopings op die basaar het die mooi som van £84 opgelewer. In die verlede is die geld wat op die lyste gekollekteer is altyd by die basaar se opbrengs gevoeg om die totale bydrae vir 8 Augustus te verkry. As gevolg van die stelsel van gesinsbydraes is daar vanjaar nie aanvullende kollektelyste rondgeneem nie. Die opbrengs van die verkopings op vanjaar se basaar vergelyk egter baie gunstig met die opbrengs van die verkopings op verlede jaar se basaar.

Oudergewoonte het die vroue van die Hottentotsholland kommando onder leiding van mev. E. E. de Waal (kommandante) weer 'n koektafel ingerig op die basaar. Die geld wat by hierdie tafel verdien is, styf die fondse van die buurkommando en is nie by die basaar se opbrengs ingereken nie.

## Wallace Swaai Weer Regs

Tot watter mate die Amerikaanse volk deur die gebeure in Korea verenig is, blyk uit die feit dat Henry Wallace, wat sedert sy aftrede as onderpresident van die Verenigde State in kommunistiese geselskap beweeg het, tans bedank het uit die Progressiewe Party waarvan hy die kandidaat by die jongste presidentsverkiesing was. Terwyl Wallace die standpunt van die V.V.O. onderskryf, kan die Progressiewe Party geen fout met die Koreaanse Kommuniste vind nie.

---

## 'Swaardvis' Vir Gevegte In Atoomoorlog

Proefnemings met die nuutste atoombom in Amerika, die sogenaamde „swaardvis" is, na berig word, onlangs met welslae uitgevoer. Die doel was om vas te stel of die „swaardvis" as 'n taktiese wapen gebruik kan word, en hoewel geen inligting verstrek is nie, word verneem dat daar binnekort oorgegaan sal word tot massa-produksie van hierdie soort atoombom.

(vervolg van bladsy 1 kolom 5)

sier in Kaapland, die sluitingsrede gehou. Hy het die groete en trou van Kaapland oorgebring en voorts gepraat na aanleiding van die twaalfde verjaardag van die O.B.

**UITVOERENDE RAAD**

Gedurende die hele dag is heerlike koffie en verversings bedien by die tentkraampies. Hierdie werksaamheid is waargeneem deur mev. C. Meyer, hoofvrou van die Vrystaat. Sy is bygestaan deur 'n aantal ywerige helpsters, wat fluks gesorg het vir die inwendige mens.

**Vroeg in die môre en in die laat namiddag het die Uitvoerende Raad van die Grootraad vergader onder voorsitterskap van prof. Van Rooy. Die Raad was 'n hele paar uur in sitting en het heelwat belangrike werk afgehandel.**

Die offisiere in bevel van die verrigtinge was hoofgenl. Kalie Behrens, voorsittende offisier, en genl. Jordaan, in bevel van die terrein.

$,,DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

# PARTYVOORDEEL WEEG SWAARDER AS BURGEROORLOG

**Die rol wat die partypolitiek in die stryd om die koningskap in België gespeel het, is nie gering nie. Dit het andermaal getoon dat patriotiese oorwegings telkemale moet wyk voor partyoorwegings. In België was die Sosialistiese Party, gesteun en aangehits deur Kommuniste, uiteindelik bereid om die land in burgeroorlog te dompel en wel selfs onder valse voorwendsels.**

Volgens 'n verslag in die Elseviers Weekblad was die leier van die verset-beweging teen die koning se terugkeer, Paul-Henri Spaak, in 1945 heeltemal bereid om te berus by 'n besluit tot terugkeer. Maar tydens sy afwesigheid na San Francisco het sy party 'n vyandige houding teenoor die moontlike terugkeer van die koning ingeneem, en by sy terugkeer het Spaak sy party se beleid aanvaar o.a. weens die swak posisie waarin hy verkeer het.

In verband hiermee merk Die Burger se buitelandse medewerker op:

**„Met ander woorde, Spaak as persoon sou die saak graag in ander bane wil gelei het. Die tug van die partyman het hom egter aan die spits van die koningsbestryders geplaas, en nou praat hy van ,revolusie'."**

Daar word ook aangetoon hoe Spaak in hierdie kunsmatige verset teen die koning selfs feite verdraai het. Kort voor die verkiesing oor Leopold se terugkeer het Spaak 'n giftige artikel geskryf waarin hy allerlei beskuldigings teen die koning se kop geslinger het uit die oorlogsjare. Onder meer het hy gevra waarom die koning in Mei 1940 nie die brugge oor die Yser laat vernietig en die hawe van Zeebrugge nie deeglik onbruikbaar laat maak het nie.

**Die feite is dat die brugge wel in die lug geblaas is met uitsondering van een waarvan die vernietiging wel deur die opperbevel gelas was, en dat die hawe vier jaar lank onbruikbaar was. Hierdie politikus wat hom deur „partytug" laat dwing het in 'n posisie, is dus heeltemal bereid om nie net feite te verdraai om sy party se stryd te regverdig nie, maar om selfs sy land onder die vaandel van valse beskuldigings in revolusie te dompel indien hy maar daardeur vir sy party groter voordeel kan behaal.**

